

DIE LANGEBOERG-REBELLIE EN DIE TOTSTANDKOMING VAN OLIFANTSHOEK

P.H.R. Snyman

Instituut vir Geskiedenisnavorsing
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Met die anneksasie van die Tswana gebied in 1885 het die kroonkolonie Brits-Betsjoeanaland suid van die Moloporivier tot stand gekom. Om voldoende voorsiening vir woongebied vir die inheemse bevolking (die Tswana of Wes-Sotho) te maak, het 'n grondkommissie gedurende 1886 oral in die nuwe kroonkolonie reserwate opsygesit wat die onvervreembare eiendom van die Tswana sou bly. In 1895 het Brits-Betsjoeanaland 'n integreerende deel van die Kaapkolonie geword. Skaars twee jaar later het 'n gewapende opstand, bekend as die Langeberg-rebellie in hierdie voormalige kroonkolonie uitgebreek. Na kragdadige optrede deur die Kaapse koloniale regering is die reserwate van die opstandelinge gekonfiskeer, in plase opgemeet en aan Blanke nedersetters uitgegee. In een van hierdie reserwate het die dorp Olifantshoek skaars twintig jaar later tot stand gekom.


GBIEDSBESKRYWING

Die dorp Olifantshoek is geleë in die sentrale deel van Kaapland noord van die Oranjerivier, ongeveer 130 kilometer noordoos van Upington en 90 kilometer suidwes van Kuruman. (Kyk liggingskaart). Die landskap word oorheers deur die Langeberge wat feitlik op die noordoewer van die Oranje begin en vir sowat 130 kilometer noordwaarts — oor Olifantshoek — strek tot in die Korannaberg, noordelike uitloper van die Langebergreeks. In die kwartsietagtige Langeberge wissel die hoogte bo seespieël van 1 300 meter by Olifantshoek tot 1 900 meter enkele kilometer noord by Toto waar dit die hoogste bergspits in Noord-Kaapland vorm. Geharde doring-savannaplantegroei bedek die omliggende dele wat na die weste hoofsaaklik sandwêreld is. Reënval is relatief laag (ongeveer 250 millimeter per jaar) en veroorsaak soms knellende droogtes. Nie-standhoudende riviere soos die Gamagara en sy westelike sytakke dreineer die gebied, terwyl groot temperatuurkommelings koue winters en snikhete somers meebring.¹

VESTIGING EN LOTGEVALLE VAN DIE TSWANA

Die suidelike takke (die Tlhaping en Tlharo) van die Tswana wat Noord-Kaapland ongeveer aan die begin van die sewentiende eeu uit die noorde binnegedring het, was 'n eeu later reeds sover suid as Majeng (Langeberg), Tsantsabane (Postmasburg) en Tlhaka le Tlou (Danielskuil). Die grootste Tlhaping-nedersetting was by Nokanna of Nokaneng (ongeveer 40 kilometer suidwes van Olifantshoek), destyds 'n standhoudende rivier. Die Tlharo het meer bepaald die Langeberg tussen Ditlou (Olifantshoek) en Dibeng (Deben) bewoon. Na botsings met die Korana, 'n Khoi- of Hottentotafstamming, wat die gebied van ongeveer 1770 af binnegetrek het, moes die Tlhaping en Tlharo Nokanna en die Langeberg in omstreeks 1790 verlaat omdat hulle nie teen die voortrefliker vuurwapens van die Korana opgewasse was nie. Die Tlhaping het noordooswaarts getrek en hulle uiteindelik by Dithakong (noordoos van Kuruman) gaan vestig, terwyl die Tlharo wes en noordwes van die Tlhaping gaan woon het.²

Nadat die Korana nie meer 'n gevaar vir die Tswana ingehou het nie, het hulle aan die begin van die negentiende eeu opnuut suidwaarts getrek. Die Tlhaping het na die omgewing van Kuruman versit waar sendelinge van die Londense Sendinggenootskap soos Robert Moffat hulle bearbei het. Die Tlharo weer het tussen Kuruman en die Langeberg



ingewig en was teen 1820 al aan die Kurumanrivier en in die Korannaberg. Weens die bedrywighede van die berugte Bergenaars (rampokkerbendes van uitgeweke Griekwas, Koranas, Basters en Namakwas wat teen die Griekwakaptein, Andries Waterboer, gerebelleer het en in die Langeberge — onder meer in die omgewing van Olifantshoek — geskuil het) en vrybuiters soos Stuurman in die jare twintig en dertig het die Langeberg, afgesien van groepies San (Boesmans), onbewoon gebly. Veral die Tlharo het in dié tyd groot veen lewensverliese gely. Eers van die jare veertig af het die Tlharo onder Makgolokwe die Langeberg permanent bewoon. Sy hoofstad was by Pudahush (die huidige plase Toto en Pudahush) en buiteposte het onder meer by Ditlou, Gamayana en Gamasep bestaan, terwyl van sy onderdane ook na omliggende plekke soos Gathose, Maremane, Dibeng en Kathu versprei het. Teen 1859 het die Londense Sendinggenootskap reeds buitestasies onder die Tlharo

¹ Kyk veral RSA, DEPARTEMENT VAN BEPLANNING, *Noord-Kaapland-streekstudie ... 6* (Pretoria, 1970), p.13 e.v.; UNION OF SOUTH AFRICA, DEPARTMENT OF MINES, GEOLOGICAL SURVEY, *The geology and mineral deposits of the Oliphants Hoek area, Cape Province* (Pretoria, 1938), pp.9-15 en 105-109; T.J. ROOS, 'n *Geografiese beskouing van die Kuruman-Postmasburg mynbougebied* (M.A., US, 1960), pp.2-8.

² B.F. VAN VREEDEN, *Die oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en die aangrensende gebiede* (D.Phil., UW, 1961), pp.3-5; L.F. MAINGARD, *The Brikwa and the ethnic origins of the Bathaping*, *South African journal of science* 30, October 1933, pp.597-601; C.C. SAUNDERS, *Early knowledge of the Sotho: seventeenth and eighteenth century accounts of the Tswana*, *Quarterly bulletin of the South African Library* 20, 3.3.1966, pp.61-68; A.J.B. HUMPHREYS, *Note on the southern limits of Iron Age settlement in the Northern Cape*, *S.A. archaeological bulletin* 31 (1 en 2), Junie 1976, pp.54-56.

gehad en in 1862 het 'n sendingskool op Pudahush bestaan. Die Tlharo het in hoë mate onafhanklikheid in die afgeleë Langeberg geniet, waar hulle met vee geboer en ook tuinbou met syferwater uit die klowe beoefen het.³

Brittanje het Griekwaland-Wes in 1871 geannekseer en daardeur 'n einde aan die voorheen "oop" grensgebied in die suide gemaak. Die grens van die nuwe kroonkolonie het slegs sowat 30 kilometer suid van Ditlou (Olifantshoek) deurgesny. Uit reaksie teen Blanke kolonisasie het wydverspreide opstande onder die Nie-Blanke inwoners van Griekwaland-Wes in 1878 gevolg. Dië onrus het ook na Betsjoeanaland uitgebrei en 'n seksie van die Tlharo van die Langeberg onder Sampie, 'n seun van Makgolokwe, is deur rebelle-afgesante oorreed om hulle by te staan. 'n Deel van die oorlog het hom in die militêre-strategiese Langeberg afgespeel nadat rebellevlugtelinge uit Griekwaland-Wes en die afvallige Tlharo teen September 1878 rondom Ditlou en Pudahush saamgetrek het.⁴

Gevolglik het 'n taakmag onder kolonel Charles Warren in Oktober 1878 uit Griekwaland-Wes na die Langeberg opgeruk en die opstandelinge in 'n reeks skermutselings verpletterend verslaan. Warren het vir 'n ruk lank sy basis by Litlou (Ditlou) gehad. Die naam Ditlou wat letterlik "olifante" in Setswana beteken, het toe al baie jare bestaan. Soms is die benaming Ditloug ("plek van die olifante") ook gebruik. Olifante het vroeër algemeen in die geweste voorgekom en dit is nie vreemd nie dat die Tswana juis die olifant vernoem het omdat hulle 'n groot verering vir dié diersoort gehad het. Warren het 'n deel van sy taakmag as grenspolisie op Gamasep agtergelaat, die vrede in die hele Betsjoeanaland herstel en op 3 November 1878 'n algemene amnestie geproklameer. Makgolokwe, wat sy onderdane nie kon beheer nie, het vir die duur van die veldtog saam met sy oudste seun Toto (Totwe) lojaal op Dibeng gebly. Hulle is na afloop van die oorlog deur Warren toegelaat om na Pudahush terug te keer en was bereid om onder Britse beskerming te staan. Die grenspolisie is egter in 1881 aan Betsjoeanaland onttrek en daarna was die gebied in hoë mate wanordelik. Na Makgolokwe se dood in 1881 is hy deur sy seun Toto opgevolg.⁵

DIE KROONKOLONIE - TYDPERK, 1885-1895

Toto het aanvanklik 'n klein gevolg gehad, maar van 1882 af was daar 'n merkbare toename van Tlharo uit die noorde na die Langeberg veral toe oorloë in 1881 tussen die Tlhaping, Korana, Rolong en hulle Blanke vrybuiters in die noordooste van Betsjoeanaland en aan die Transvaalse suidwesgrens uitgebreek het. Hierdie oorloë sou uiteindelik verreikende gevolge vir die hele Betsjoeanaland hê en lei tot Britse anneksasie waardeur die Tswana hulle onafhanklikheid moes prysgee. Die Tlharo was teen 1884 steeds bereid om onder Britse beskerming te staan, waarskynlik omdat hulle ook swaar moes ly onder rooftogte deur vrybuiters en selfs die Vilander-Basters van Rietfontein. Toe Mankurwane van die Tlhaping boonop probeer het om ook oppergesag oor die Tlharo te kry, het Toto sy mense bewapen en sy gebied afgebaken.⁶

Die oorloë aan die Transvaalse suidwesgrens, die stigting van die republieke Land Goosen (1882) en Stellaland (1883), die Duitsers se landing in Suidwes (1883) en sendeling- en Britse imperialisme het uiteindelik gelei tot die Warren-ekspedisie na Vryburg en Mafeking, en die anneksasie van die Tswanagebied op 30 September 1885. Die landstreek tussen die Molopotrivier en Griekwaland-Wes het voortaan as die Kroonkolonie van Brits-Betsjoeanaland bekend gestaan.⁷



Toto (Totwe), Tlharoleier van die Langeberg.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBewaARPLEK (CO 6981)

Na die anneksasie is 'n grondkommissie aangestel om onder meer vir Nie-Blanke reservate voorsiening te maak. Kommissie se verslag het in 1886 verskyn en in die suide het dit die Langeberg, Deben, Kathu, Gatlhose en Maremane hoofsaaklik vir die Tlharo opsy gesit.⁸ Britse gesag het wel orde in groot dele van Brits-Betsjoeanaland geskep maar die uitgestrekte suidwestelike deel wat aanvanklik onder die

³ R. MOFFAT, *Missionary labours and scenes in southern Africa* (New York, 1846) pp. 203 en 286-289; I. SCHAPERLA (red.), *Apprenticeship at Kuruman, being the journals and letters of Robert and Mary Moffat, 1820-1828*, (Londen, 1951), pp.13, 30, 47-48, 162, 182, 184, 197, 210-211 en 269-278; W.D. MACKENZIE, *John Mackenzie: South African missionary and statesman* (Londen, 1902), p.74; C. NORTHCOTT, *Robert Moffat: pioneer in Africa, 1817-1870* (Londen, 1961), pp.316-317 en 319.


⁴ M. BROODRYK, *Die rebellie in Griekwaland-Wes, 1876-1879*, (M.A., UNISA, 1977), pp.5-40, 147 en 174; A.J. DACHS (red.), *Papers of John Mackenzie* (Johannesburg, 1975), pp.114-115.

⁵ C.2222-1879 *Further correspondence respecting the affairs of South Africa* (Londen, 1879), pp.108-113; C.2454-1879 *Further correspondence respecting the affairs of South Africa* (Londen, 1879), p.119 (C.=British Parliamentary Papers); Kimberley Openbare Biblioteek, Manuskrip 52 Diary of the "Griqua Campaign" from June 1st to October 31st 1878 by C.E. Prior, pp.62-63 en 88-91; VAN VREEDEN, *op. cit.*, pp.53 en 254-255.

⁶ P. GILLMORE, *South Africa: the territories adjacent to the Kalahari Desert, Proceedings of the Royal Colonial Institute 14, 1882-83*, p.131; DACHS, *Papers of John Mackenzie*, pp.22 en 179-180.


⁷ Kyk veral W.J. DE KOCK, Ekstraterritoriale vraagstukke van die Kaapse regering (1872-1885) met besondere verwysing na die Transgariëp en Betsjoeanaland, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 11(1), 1948, pp.96-99, 127-137 en 247-265; A.J. DACHS, *Missionary imperialism — the case of Bechuanaland*, *Journal of African history* 13(4), 1972, pp.647-658.

⁸ Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB), Argief van die Brits-Betsjoeanalandse Grondkommissie (BBLK) 40: Verslag van die Grondkommissie, Mafeking, 27.5.1886.



PLASE IN DIE OU LANGEBERG-RESERVAAT EN AANGRENSENDE GEBIEDE

- Grense van ou reservate
- Grense van reservate na die uitvaardiging van Wet 17 van 1897
- Griekwaland-Wes-grens
- Grense tussen plase



POSTMASBURG

magistraatsdistrik Taung geressoorteer het, het nie juis daarby gebaat nie. Selfs nadat 'n afsonderlike distrik Kuruman in 1887 afgestig is, het Toto se gebied steeds 'n paradys vir veediewe gebly. Eers nadat 'n afdeling van die Betsjoeanalandse Grenspolisie in 1888 in die Langeberg gestasioneer is, het toestande verbeter.⁹

Gedurende 1889 en 1890 het landmeter M.W. Theal begin om plase rondom Toto se gebied uit te meet en dié grense het ook sy reservaat se grense geword. Toto was onbewus van dié planne en bevrees dat hy sy grond sou verloor omdat Blankes reeds in die suide en suidweste begin intrek het. Daarom het hy uit protes van Theal se bakens afgebreek en moes die resident-magistraat hom in 1890 gaan kalmteer. Na aanleiding daarvan het die Britse owerheid aan Toto, net soos aan ander lojale opperhoofde, 'n jaarlikse pensioen toegestaan. Toto het die bedrag van £200 vir die eerste keer in 1890 ontvang. Ander bronne van irritasie vir die Tlharo was die instelling van hutbelasting (1886), 'n verbod op die verwydering van hout op kroongrond en 'n verbod op drankverkope aan Nie-Blankes. Toto was bekend as 'n goeie regeerder, geliefd onder sy mense en 'n vriend van baie Blankes (onder andere die sendeling Roger Price). Een van Toto se belangrikste buiteposte was agter die berg by Ditlou (Olifantshoek) waar sy swaer Khibi gesag uitgeoefen het.¹⁰

Na die Britse anneksasie van Betsjoeanaland wat meer stabiliteit in dié gebied gebring het, het die vestiging van Blankes daar begin. Die eerste groep was handelaars, naamlik John Ryan wat van 1886 af op Bishops Wood sake gedoen het, John Ludwig van 1888 af op Mapedi (Lynputs) en Charles Claassen sedert 1889 op Gamagara. Cornelius Sampson op Magoloring (Aarkop) en Thomas en George Lanham op Mount Temple het hulle in 1888 as boere in die gebied gevestig. In 1888-89 het die meeste aansoeke om grond ingestroom omdat die polisie op Gamagara beter beskerming kon verleen. Die aansoekers was van 'n verskeidenheid nasionaliteite soos Engelse, Xhosas, Duitsers en Jode; baie is egter as ongewenste immigrante beskou en hulle aansoeke is summier afgekeur. Die meeste aansoeke was vir die veertien plase suid van die Langeberg-reservaat teen die Griekwaland-Wes-grens (nagenoeg tussen Elliesrust en Aarkop) wat in 1889 deur landmeter M.W. Theal opgemeet is. Aansoeke is ook ontvang vir plase binne Toto se reservaat, maar dit is afgekeur. Die naam "Ollifants Hook" het in 1889 die eerste keer voorgekom in die onsuksesvolle aansoek van J.J. Swarts van Danielskuil. Hollandssprekende boere het waarskynlik die naam Tlou (olifant) direk uit Setswana vertaal en die "hoek" bygevoeg na aanleiding van die hoek wat die berg daar vorm. Soms is die naam Olifantskloof gebruik — dit is vir die kloof agter die berg.¹¹

Toe die kroonkolonieregering in 1890 die eerste grondtoekennings gedoen het, het slegs die Lanham-broers (Mount Temple en Seremoneng), John Ludwig (Mapedi), Cornelius Sampson (Magoloring), Moses Malaulwe, 'n Xhosa (Kgoroga-Gauche) en Andries Marolong, 'n Tlharo (Metseatsididi) eiendomsreg in die suide ontvang; dit het ses toekennings uit sowat 50 aansoeke verteenwoordig. Die ander agt plase is aan die Kaapse regering toegeken en het sodoende kroongrond geword. Die plase Bishops Wood en Dundrum aan die noordoostekant van Toto se reservaat is terselfdertyd aan John Ryan toegeken.¹²

Aan die begin van 1890 het Thomas Lanham die eerste verteenwoordiger van die kroonkolonieregering in die Langeberggebied geword toe hy as veldkornet aangestel is. Hy kon dus die resident-magistraat op Kuruman op die hoogte van verwickelinge hou. In 1892 het verdere immigrasie na die Langeberge plaasgevind toe nege boerefamilies uit die Oranje-Vrystaat aan die suidwestekant van die reservaat ingetrek het. Hulle was N.F. van der Merwe (Langkloof), Hans

Cloete (Gasiko), Isak Aucamp (Skaapkloof), Jan Peens (Vuilnek), Albertus Venter (Steenbokkloof), Wessel Stroebel (Witwater), Albertus Viljoen (Vergenoeg), Kootjie Scholtz (Magdala) en Fanie Aucamp (Faanshoop). Gedurende die volgende jaar (1893) het Martha le Roux die plase Mapedi en Magoloring gekoop, Johan Fouché het op Metseatsididi gaan woon en in 1896 het Johannes Boshoff hom op Lomogang gevestig.¹³

Intussen het die getal handelaars in die gebied aangegroei. In 1893 het Joseph Mattison met vergunning van Toto 'n staanplek gekry op Pudahush wat hy in 1894 aan Frank Pearce oorgedra het en teen 1895 was George Markram daar in beheer van die winkel. Pearce het later die winkel na Gamasep verskuif en ook op Gamagara sake gedoen. Van besondere betekenis is egter die toekening van 'n "trading stand" aan Cecil Spyron op Olifantshoek in Maart 1895. Hy het sy winkel opgerig by 'n fontein agter die berg wat Khibi aan hom gegee het. Spyron was dus die eerste Blanke wat hom op Olifantshoek self gevestig het.¹⁴

Ten tyde van die vestiging van die eerste Blankes was daar na die westekant van Toto se reservaat 'n groot toestroming van veral Xhosas en Basters wat Toto met vleitaal oorreed het om hulle in sy gebied toe te laat. Dit het nie alleen bygedra dat die reservaat oorbevolk geraak het nie — baie van hierdie nuwe plakkers was diewe en onrusstokers. Veral op Olifantshoek het 'n groot aantal gesinne by Khibi se hooffontein geplak. Jan en Theuns Botha het met hulle gesinne gewoon op die plek waar die dorp later aangele is. In die suide was die grootste konsentrasie op Lupanie onder Koos en Klaas Bosman.¹⁵

Daar was spoedig ook wrywing tussen Toto en die nege Blanke families in die suidweste. Toto en Khibi was ontevrede dat plase daar uitgegee is omdat van hulle belangrikste veeposte en fonteine op plekke soos Skaapkloof, Steenkloof en Gasikoa geleë was. Toto was trouens van mening dat sy reservaat tot teen die Griekwaland-Wes-grens strek. Die probleem was egter dat landmeter Theal nie 'n behoorlike wesgrens vir die reservaat in 1889 uitgemeet het nie maar

⁹ KAB, Argief van die Brits-Betsjoeanalandse Kroonkolonie-regering (BCC) 50 Inkomende stukke : Resident-magistraat, Kuruman — Sekretaris van die Administrateur, Vryburg, 26.3.1888 en 19.6.1888.

¹⁰ KAB, Argief van die Landmeter-generaal van Brits-Betsjoeanaland (SGBB) 18 Briewe ontvang: M.W. Theal, Dibeng — Landmeter-generaal, Vryburg, 17.8.1890; BCC 50: Resident-magistraat, Kuruman — Sekretaris van die Administrateur, Vryburg, 26.6.1889; BCC 180 Uitgaande stukke: Administrateur, Vryburg — Resident-magistraat, Kuruman, 27.8.1890; P.-L. BREUTZ, *The tribes of the districts of Kuruman and Postmasburg* (Pretoria, 1963), pp.96-97 en 125.

¹¹ KAB, BCC 50 : Resident-magistraat, Kuruman — Sekretaris van die Administrateur, 28.12.1888, en J. Ryan, Gamagara — Siviele Kommissaris, Kuruman, 21.1.1891; SGBB 15 Inkomende stukke : J. Ludwig, Lynputs — Landmeter-generaal, Vryburg, 4.6.1888; SGBB 16 Inkomende stukke : J.J. Swarts, Danielskuil — Landmeter-generaal, Vryburg, 27.3.1889, en M.W. Theal, Mount Huxley — Landmeter-generaal, Vryburg, 8.7.1889.

¹² KAB, SGBB 16 : M.W. Theal, Mount Huxley — Landmeter-generaal, Vryburg, 8.7.1889; Aktekantoor, Vryburg : Kuruman-plaasregisters.

¹³ KAB, BCC 50 : Resident-magistraat, Kuruman — Sekretaris van die Administrateur, 28.12.1888, 30.12.1889 en 8.7.1890; Munisipaliteit Olifantshoek, Léer 0/1 Getikte aantekeninge : Stoere ou nedersetter (Frans van der Merwe) vertel van sy jeug, pp. 1-2; Aktekantoor, Vryburg: Kuruman-plaasregisters.

¹⁴ KAB, BCC 51 : Ooreenkoms tussen J. Mattison en Toto, 16.12.1892, Sekretaris van die Administrateur, Vryburg — Imperiale Sekretaris, Kaapstad, 6.10.1893, en Resident-magistraat, Kuruman — Koloniale Sekretaris, Vryburg, 10.4.1895; Argief van die Resident-magistraat van Kuruman (1/KMN) 8/2 Inkomende stukke : C.G. Spyron — Resident magistraat, 23.1.1895, 13.4.1895 en 2.7.1895.

¹⁵ KAB, 1/KMN 8/2: T. Lanham, Mount Temple — Resident-magistraat, Kuruman, 30.4.1895 en 22.7.1895; Munisipaliteit Olifantshoek, Léer 0/1: Stoere ou nedersetter ..., pp. 1-2.

slegs rofweg 'n grens afgemerk het. In 1894 is landmeter J.C. Wessels gestuur om die wesgrens behoorlik vas te stel en die sowat tien plase in die suidweste op te meet. Daarop het Khibi 'n petisie deur middel van veldkornet Thomas Lanham aan die resident-magistraat van Kuruman gestuur om beswaar te maak. Lanham het ook gemeen dat die Tlharo te na gekom sou word as meer as 80 families ter wille van 'n paar Blanke gesinne uit die reservaat gesny word. Hierdie grond was toe al byna 50 jaar lank in die Tlharo se besit en as die grens afgedwing sou word, moes al die families terugkeer na Olifantshoek waar oorbevolking reeds 'n probleem was. In Desember 1894 het Toto sy misnoeë op Kuruman te kenne gaan gee en verklaar dat hy sal sterf waar sy vader gesterf het. Dit het tot valse gerugte van 'n opstand aanleiding gegee. Die uiteinde was dat die regering 'n kommissie van drie lede aangestel het om die grenskwessie te ondersoek. Hulle het in Januarie 1895 getuienis op Gasikoa aangehoor en aanbeveel dat die grens ten gunste van die Tlharo gewysig en as finale wesgrens aanvaar word.¹⁶

Die Tswana van die 1890s was blootgestel aan talle vreemde invloede wat deur Blanke kolonisasie meegebring is. Hoewel drankverkope aan Nie-Blankes verbied is, het die Tlharo sonder moeite drank oor die Griekwaland-Wes-grens gesmokkel. Hutbelasting het egter een van die grootste griewe gebly en in 1894 het Toto wat na bewering onder die invloed van drank was, geweier om die amptenaar wat agterstallige hutbelasting moes invorder, te help. Na aanleiding van hierdie misverstand het gerugte van onrus die ronde gedoen en 'n sterk patrollie van die Betsjoeanalandse Grenspolisie moes van Gamagara na Pudahush gestuur word om die saak by te lê. Toto is met £50 beboet en sy pensioen is vir 'n paar maande opgeskort. Teen 1894-1895 was die algemene toestand onder die Tlharo onrustig en gespanne. Eerstens het veediefstalle weer toegeneem, veral deur Xhosas wat die polisie ontduik en na die Langeberg gevlug het. Tweedens het die Tlharo op ekonomiese gebied swaar gekry as gevolg van droogtes, sprinkaanplae, longsiekte-epidemies en die alomteenwoordige gallamsiekte. Dit is dus verstaanbaar waarom hulle weerstand gebied het teen die betaling van belasting. Boonop het die moontlike inlywing by die Kaapkolonie ter sprake gekom.¹⁷

INLYWING BY DIE KAAPKOLONIE EN DIE RUNDERPES

Sedert die anneksasie van die gebied in 1885 het die moontlikheid bestaan dat die kroonkolonie — net soos Griekwaland-Wes in 1880 — by die Kaapkolonie ingelyf kon word. Die Britse regering was mettertyd ook ten gunste daarvan en moes teweens 'n swaar finansiële las dra, terwyl die administrasie en regstelsel van Brits-Betsjoeanaland nie besonder effektief was nie. In 1890 het Cecil Rhodes met sy uitgesproke imperialistiese ambisies eerste minister van die Kaapkolonie geword en hom daadwerklik vir inlywing beywer. Dit sou deel uitmaak van sy bekende ideaal van 'n verenigde suidelike Afrika onder die Britse vlag.¹⁸

Teen die middel van 1895 het hierdie nuus die Langeberg bereik en opnuut onrus onder die Tlharo geskep omdat hulle gevrees het dat die kolonie se ontwapeningswet op hulle van toepassing gemaak sou word. Die Tlharo het daarna 'n dreigende houding ingeneem sodat die inspekteur van reservate, C. St. Quintin, in Julie 1895 saam met 'n polisiepatrollie van 25 man na die Langeberg gestuur moes word om Toto te verseker dat hulle nie ontwapen sou word nie. Toto is gewaarsku dat enige vorm van dislojaliteit in die toekoms tot gevolg sou he dat hy sy pensioen sou verbeur. Die regering was veral ontevrede dat Toto sy manne gewapend na pitso's

(stamvergaderings) laat kom het sonder om eers met die resident-magistraat oorleg te pleeg. Toto het boonop in Julie 1895 'n petisie aan die Britse regering gestuur om beswaar te maak teen inlywing. Die handjiewol Blankes het in dié tyd in voortdurende vrees gelewe en die geringste gerugte van onrus onder die Tlharo of stamvergaderings wat plaasgevind het, het hulle paniekerig gemaak. Die handelaars George Markram en John Ryan het byvoorbeeld hul winkels weens die beroeringe verlaat. Die polisiemag het ses weke in die Langeberge vertoef — die tweede keer binne twaalf maande dat sulke optrede nodig was. Ten spyte van Toto en ander Tswanaleiers se besware is Wet 41 van 1895 op 16 November 1895 uitgevaardig waarvolgens Brits-Betsjoeanaland 'n integreerende deel van die Kaapkolonie geword het. Die Nie-Blanke reservate sou onvervreembaar bly, behalwe as die Britse minister van Kolonies sy toestemming tot vervreemding gee.¹⁹



Galeshiwe, Tlapingkaptein van Phokwane.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAAARPLEK (CO 6981)

¹⁶ KAB, SGBB 30 Nie-Blanke reservate, afskrifte van korrespondensie in verband met Toto se lokasie (Langeberg-reservaat), 29.4.1893-31.12.1894; SGBB 79 Langeberg Native Reserve Commission, getuienis aangehoor op Gasikoa, 16.1.1895; Verklarings van Khibi, Toto, Goathetse, Tabi Bergaan, Sakia, Etheseng, Ntichelang en J.C. Wessels, en Verslag van Kommissie aan Administrateur, Vryburg, 31.1.1895.

¹⁷ KAB, BCC 51 : J. Jamieson, Langeberg — Resident-magistraat, Kuruman, 29.4.1893; 1/KMN 8/2: H.J. Marshall, Postmasburg — Resident-magistraat, Kuruman, 23.4.1895; G.5:96 CAPE OF GOOD HOPE. DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS. *Blue-book on Native Affairs, 1896* (Kaapstad, 1896), pp.43 en 67.

¹⁸ Kyk byvoorbeeld R. EDGEcombe, Sir Alfred Milner and the Bechuanaland (Langeberg) Rebellion : a case study in Imperial-Colonial relations, 1897-1898, *Suid-Afrikaanse historiese joernaal* 11, November 1979, p.58.

¹⁹ KAB, BCC 180 : Administrateur, Vryburg — Resident-magistraat, Kuruman, 25.7.1895 en 10.8.1895; 1/KMN 8/2 : C. Bruce, Gamagara — Siviele Kommissaris, Kuruman, 24.7.1895, T. Lanham, Mount Temple — Resident-magistraat, Kuruman, 24.7.1895, en Koloniale Sekretaris, Vryburg — Siviele Kommissaris, Kuruman, 10.8.1895; *British Bechuanaland Government Gazette*, 13.11.1895.

Onder die nuwe bewind sou die verswarende omstandighede in suidwes-Betsjoeanaland nie verbeter nie. 'n Knellende droogte het intendeel geheers en in April 1896 het pokkies in die Langeberg uitgebreek. Behoorlike mediese bystand kon nie verleen word nie want nogmaals was daar praatjies van onrus onder die Tlharo. Hierdie gerugte het veral toegeneem nadat die rebelse Tlhapingkaptein Luka Jantjie hom teen Toto se wense in 1895 in die Langeberg by Gamasep (die huidige plase Luka en Gamasep) gevestig het. 'n Aantal volgelinge van 'n ander weerspannige Tlhapingkaptein, Galeshiwe van Phokwane (naby Taung), het saam met Luka gekom en op Gamaluse (tans die plaas Hopkins) ingetrek. In April 1896 het sommige Blankes uit vrees oor die Griekwaland-Wes-grens getrek nadat Toto die vrou van die handelaar Frank Pearce op Gamagara gedreig en meedeel het dat indien die Tlhaping van Taung (waar ook sprake van 'n beplande rebellie was) in opstand sou kom, hy hulle voorbeeld sou volg en al die Blankes uitwis. Die resident-magistraat het Toto in Mei 1896 na Kuruman ontbied waar laasgenoemde nie sy dreigement ontken het nie, maar verklaar het dat hy dronk was toe hy dit gemaak het. Dié verskoning was nie vir die regering aanvaarbaar nie en Toto is finaal gewaarsku. In dieselfde maand het twee van Toto se onderdane by Thomas Green op Beeshoek (naby Postmasburg) "oorlogsnuus" gaan soek — wat daarop dui dat 'n opstand wel elders beplan is maar nie plaasgevind het nie. Volgens hulle was die hele Langebergbevolking onrustig deurdat die boere hulle meedeel het dat die regering hulle gaan aanval.²⁰

Hierdie vermeende aanval verwys waarskynlik na die streng runderpesmaatreëls wat in Mei 1896 afgekondig is. Dit het onder meer vir die skiet van besmette beeste voorsiening gemaak — 'n daad wat die Tswana as 'n aanval op sy persoon gesien het. Runderpes, 'n aansteeklike koorssiekte, het geleidelik uit die noorde versprei en aan die einde van 1896 was feitlik die hele distrik Kuruman besmet. Die kwarantynmaatreëls het alle verkeer en handel tot stilstand gebring sodat geen beeste verkoop of lewensmiddele ingevoer kon word nie. Was dit nie dat dit in Desember gereën het en die Tlharo wintergraan kon plant nie, sou hulle beslis hongersnood in die gesig gestaar het. Die gebrek aan kos het veediefstalle drasties laat toeneem.²¹

In die suide het die regering die Runderpeslyn opgerig; dit het dieselfde roete as die ou Griekwaland-Wes-grens gevolg. Verder is spesiale runderpeskonstabels aangestel en orals geplaas om toe te sien dat die maatreëls nagekom word. Een van hulle, Jacobus Snyman wat op Gamagara gestasioneer was, is in Oktober 1896 deur twee Tlharo's vermoor toe hy gestuur is om oortreders van die runderpesmaatreëls te arresteer. Toto het besef dit sou hom in 'n netelige posisie plaas; daarom het hy aanvanklik sy kennis van die voorval verswyg en die skuldiges is eers in 1897 vasgetrek.²² Die toestand in die Langeberg aan die einde van 1896 was dus erg verontrustend. Vir die klompie Blankes was die lewe onseker en as gevolg van talle terugslae op ekonomiese gebied was die Tlharo geensins op 'n langdurige oorlog voorbereid nie.

DIE LANGEBERG-REBELLIE

Die sluimerende onrus in Betsjoeanaland het uiteindelik in Desember 1896 tot uitbarsting gekom. Ofskoon dit wil voorkom dat 'n algemene opstand onder die Tlhaping van Taung vir Mei 1897 beplan is, het die koms van die runderpes dit vervroeg. Die rebellie kan beskryf word as die resultaat van 'n verskeidenheid komplekse oorsake. Ontevredenheid oor die verlies van grond met anneksasie, ondeurdagte regeerings-

administrasie en -optrede, die teenwoordigheid van die polisie, verskillende belastings, aftakeling van die stamstelsel en die leiers se gesag deur staat en kerk, geskille oor die opperhoofskap, Blanke indringing, gewapende opstand elders in suidelike Afrika, ekonomiese redes en die runderpes was waarskynlik die belangrikste. Die opstande het tussen Desember 1896 en Augustus 1897 in die distrikte Taung en Vryburg, en in die Langeberge plaasgevind en staan bekend as die Langeberg-rebellie.²³

In Desember 1896 het die rebellie by Phokwane (in die Taung-reservaat) onder die Tlhaping van Galeshiwe uitgebreek nadat die polisie sewentien beeste ingevolge die runderpesmaatreëls geskiet het. Enkele Blanke handelaars is vermoor, maar die militere mag wat van Kimberley af gestuur is, het die rebellie voor die einde van 1896 onderdruk. Galeshiwe en 'n aantal volgelinge het egter ontsnap en dit is algemeen aanvaar dat hy op pad was na die Langeberg — die enigste werklike defensiewe vesting in die suide van Betsjoeanaland — waar 'n aantal van sy volgelinge toe reeds gewoon het. In Januarie 1897 het die geweld versprei na die Tswana aan die Mashovingrivier in die distrik Vryburg waar ook 'n handelaar vermoor is. Vinnige regeeringsoptrede het dit nietemin gou in die kiem gesmoor. Teen dié tyd was die toestand in die distrik Kuruman ook reeds gespanne want almal het gewag om te sien of Toto en Luka Jantjie by Galeshiwe sou aansluit en of hulle hom sou uitlewer.²⁴

Om Blankes van die distrik Kuruman wat oral op plase en by die sendingstasie op Seodin in laers saamgetrek het, se vertroue te herstel, die magistraat en polisie by te staan en die situasie dop te hou, het die regering in Januarie 1897 'n eskadron van die Cape Mounted Rifles (CMR) onder kaptein H.V. Woon na Kuruman gestuur. In 'n onderhoud met Woon en die resident-magistraat, C. Bam, op 30 Januarie 1897 op Kuruman het Toto en Luka (Galeshiwe se neef) die teenwoordigheid van Galeshiwe of enige ander rebelle-vlugtlinge in die Langeberg ontken en hulle lojaliteit teenoor die owerheid bevestig. Toe dit aan die begin van Februarie 1897 duidelik word dat Galeshiwe wel die Langeberg bereik het, het Toto 'n pitso op Gamasep belê om uit te vind waar Galeshiwe hom bevind het en of die Tlhaping hom sou uitlewer. Die regering het van Toto as opperhoof verwag om Galeshiwe oor te gee. Toto het vrederegtter John Ryan van Bishops Wood gevra om die vergadering by te woon, maar die Tlhaping het ontken dat hulle iets weet. Luka het versoek dat die pitso vir 24 uur verdaag word en teen sonon-

²⁰ KAB, Argief van die Departement van Naturellesake (NA) 488 References, telegram : Polisie, Kimberley — Lex, Kaapstad, 26.4.1896, Resident-magistraat, Kuruman — Onder-sekretaris, Naturellesake, 16.6.1896 en 20.5.1896, C.M. MacGregor, Kuruman — Sekretaris van die Regsdepartement, 19.5.1896, en Resident-magistraat, Kuruman — Koloniale Sekretaris, 23.4.1896; Argief van die Resident-magistraat van Hay (1/GSD) 6/33 Inkomende stukke : T. Green, Beeshoek — Resident-magistraat, Hay, 10.5.1896.

²¹ KAB, NA 244 Inkomende stukke : Jaarverslag vir die distrik Kuruman vir 1896 deur C. Bam, resident-magistraat, 1.1.1897; *Cape of Good Hope Government Gazette*, 23.2.1897, p.380.

²² G.33:97 CAPE OF GOOD HOPE, *Special report on rinderpest in South Africa, by the colonial veterinary surgeon, March, 1896-February, 1896* (Kaapstad, 1897), pp.21, 28 en 43-44; *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 13.2.1897.

²³ Die oorsake van die rebellie word vollediger behandel deur H. SAKER en J. ALDRIDGE, *The origins of the Langeberg Rebellion*, *Journal of African history* 12(2), 1971, pp.299-317. Kyk ook KAB, NA 345 Inkomende stukke: Verslag oor die oorsprong van oproerigheid in Betsjoeanaland deur S.H. Roberts, hoofinspekteur van Naturellesake, 6.2.1897, en G.42:98 CAPE OF GOOD HOPE, *Blue-book on Native Affairs, 1898* (Kaapstad, 1898), pp. 66-68.

²⁴ A.10:97 CAPE OF GOOD HOPE, *Correspondence between the government of the Cape Colony and Her Majesty's government relating to the rising in Bechuanaland* (Kaapstad, 1897), pp.6-10.

der die volgende dag het hy opgedaag en verklaar dat hy met Galeshiwe gepraat het. Laasgenoemde was vasberade om selfmoord te pleeg eerder as om gevang te word. Luka het smalend aan Toto en die Tlharo gesê dat hulle Galeshiwe moes gaan vang omdat hulle immers geweet het waar hy was. Toto en Ryan, oortuig dat Luka se mense Galeshiwe sou help, het Luka gevra om Galeshiwe uit te lewer maar hy het geweier. Op aanbeveling van Toto het Ryan daarna sy plaas verlaat; Frank Pearce en die polisie op Gamagara het ook kort daarna na Kuruman teruggekeer toe Toto nie langer hulle veiligheid kon waarborg nie.²⁵

Nadat die polisie ook intussen vasgestel het dat Galeshiwe wel in die Langeberg skuil, het resident-magistraat Bam en lokasie-inspekteur J.P. McCarthy op 11 Februarie na Pudahush vertrek om Galeshiwe van Toto op te eis. Toto was nie daarvoor te vinde nie omdat Galeshiwe hom gewaarsku het om nie naby hom te kom nie. Laasgenoemde het glo net elf man by hom in die kloof op Gamaluse gehad. Op 13 Februarie het Bam, McCarthy en Toto na Gamasep gegaan maar kon ook niks uit Luka kry nie. Verkenner kon geen teken van Galeshiwe vind nie en Bam het Toto toe 24 uur tyd gegee om Galeshiwe òf uit te lewer òf om Bam-hulle na sy wegkruipplek te lei. Op 15 Februarie het Toto twee gidse verskaf wat saam met 40 troepe van die CMR na Gamaluse vertrek het. In die kloof is hulle egter in 'n hinderlaag gely en twee man is gedood. Vanweë die sterk rebelleposisies moes die troepemag noodgedwonge terugval. Tydens die geveg het Toto deurentyd by Bam gebly. Luka het siek in sy huis op Gamasep gelê, hoewel van sy manne oor die berg gegaan en Galeshiwe bygestaan het. Volgens McCarthy was Toto ten gunste daarvan dat die troepe die Tlhaping uit die Langeberg verdryf want sy mense sou hom dwing om hom by Galeshiwe aan te sluit. Die terugslag van die CMR op Gamaluse het die rebelle se moreel versterk, veral toe Woon daarna na Kuruman teruggetrek het.²⁶

Versterkings is dadelik aangevra en aan die einde van Februarie 1897 het die Bechuanaland Field Force, soos dit bekend gestaan het, onder luitenant-kolonel E.H. Dalgety van die CMR op Kimberley saamgetrek. Geruime tyd het verloop voordat die mag van sowat 1 000 man, bestaande uit lede van verskillende koloniale regimente en burgervrywilligers, op 14 Maart 1897 op Kuruman aangekom het. Die Tswana het dit beskou as 'n swakheid van die regering en kon hulle deeglik in hulle bergvesting ingrawe. Kos en ammunisie was egter skraps. Teen dié tyd was dit ook duidelik dat Toto en Luka by die rebelle aangesluit het sodat hulle nagenoeg 1 500 krygers in die veld kon stoot. Dit was vir die Tswana onbegryplik hoe die regering 'n groot taakmag kon stuur terwyl hulle (die Tswana) by verskeie geleenthede hul lojaliteit bevestig het. In sy laaste boodskap aan die magistraat het Toto hierdie waarheid beklemtoon en dit duidelik gemaak dat die Tlharo hulself sou verdedig indien hulle aangeval word. 'n Besluit van die Blankes van Kuruman (op 'n openbare vergadering onder leiding van die sendeling Roger Price) dat alle Nie-Blankes ontpoen moes word, het die Tswana ook nog verder vervreem. Met die aankoms van die taakmag was die hele Langeberg dus in openlike rebellie. Toto het vervolgens almal in die reservaat vir diens opgeroep en dié wat nie wou veg nie, se eiendom is gekonfiskeer. Daar was trouens baie Tlharo wat lojaal gebly en gevlug het — onder andere dié van Gappelin en Khibi se mense op Olifantshoek.²⁷

Die lojale Khibi het van planne gehoor om die Blanke families in die suidweste uit te wis en het hulle gewaarsku. Gevolglik moes dié mense inderhaas na Lynputs trek, terwyl veldkornet Thomas Lanham die regering om hulp gevra en 'n tydelike vrywilligersmag van sowat 30 man, die Mount

Temple Horse, uit die boerebevolking op die been gebring het. Hierdie kommando het Khibi en sy mense, wat gevaar geloop het om in rebellehande te val, bygestaan om suidwaarts tot teen die Runderpeslyn te trek. Die Mount Temple Horse het ook 'n tyd lank saam met die taakmag gedien.²⁸

Dalgety het eers aan die einde van Maart 1897 na die front vertrek en sy basis ingerig op die plaas Bishops Wood, die naaste plek aan die Langeberg (25 kilometer) waar voldoende water was. Sy eerste aanval op Gamasep op 6 April het egter misluk omdat die rebelle te goed voorbereid en teen die berghange en koppies aan weerskante van die kloof ingegrawe was. Nadat twee van sy manskappe gesneuwel het, moes Dalgety terugval na Bishops Wood. Hy het die Langeberg beskryf as die sterkste posisie wat hy nog gesien het. Dit was toe reeds duidelik dat die veldtog lank sou duur. Die Tswana het vasberade geveg en was so goed verskans dat die kruiddampe van hulle gewere die enigste teikens was wat die troepe kon sien.²⁹

Daarna het Dalgety 'n beleid van "verskroeiende aarde" gevolg deur al die statte en landerye oos van die Langeberg en in die Gamagaravallei te vernietig. Aan die einde van April 1897 het Dalgety sy basis na Olifantshoek verskuif waar voldoende water uit putte verkry kon word. Patrollies het rebelle in daardie omgewing uit die Langeberg verdryf. Gedurende die nag van 28 April het 'n groep rebelle nietemin 'n waaghalsige verrassingsaanval op die basis by Olifantshoek gedoen en drie man gedood. Op 8 Mei het die Tlharo van Pudahush drie voorraadwaens van 'n handelaar gebuit.³⁰

'n Dag later het die taakmag 'n aanval op Pudahush uitgevoer. Na 'n geveg van vier uur en 'n verlies van sowat 70 man aan Tswanakant en drie troepe is die skanse bestorm en Pudahush ingeneem. Die plan was om dit permanent te beset maar daar was te min water. Verder het dit 'n gesondheidsrisiko ingehou omdat die hele Langeberg besaai was met karkasse van beeste wat aan runderpes gevrek het. Dit het 'n vlieëplaag tot gevolg gehad en 'n ondraaglike stank wat in die klowe gehang het. Hoewel dit die eerste militêre sukses was, het die feit dat Dalgety die soldate onttrek het — sonder om selfs Toto se walaer aan die bopunt van die kloof te vernietig — tot gevolg gehad dat die rebelle gou op Pudahush terug was. Dalgety het die regering vir nog 1 500 opgeleide troepe gevra of as alternatief voorgestel dat die Tswana uitgehonger word deur die berg te blokkeer. Hulle was trouens al in 'n toestand van verhongering en op die besmette beeskarkasse aangewese. Verder was daar sprake van onmin tussen die drie leiers, Toto, Luka en Galeshiwe. Die Langeberg-rebellie het toe reeds opslae in die Kaapkolonie

²⁵ KAB, Argief van die Verdedigingsdepartement van die Kaapkolonie (DD) 1/280 Dokumente insake die Betsjoeanalandse rebellie 1896-98, telegram: Verdediging — Woon, 27.1.1897 en 11.2.1897, en Notule van onderhoude met Toto en Luka, 30.1.1897; Argief van die Prokureur-generaal (AG) 497 Briewe ontvang: Verklaring van John Ryan, Postmasburg, 17.3.1897.

²⁶ KAB, NA 489 References : J.P. McCarthy, Kuruman — S.H. Roberts, Vryburg, 25.2.1897. Kyk ook H.V. Woon, *Twenty-five years' soldiering in South Africa* (Londen, 1909), pp.337-351.

²⁷ KAB, NA 345 Inkomende stukke : S.H. Roberts, Vryburg — J. Rose Innes, 9.3.1897; Argief van die Resident-magistraat van Vryburg (1/VBG) 20/16 Diverse dokumente insake die Phokwani-rebellie 1896-97: Resident-magistraat, Kuruman — Resident-magistraat, Vryburg, 27.1.1897; *Diamond Fields Advertiser*, 10 en 11.3.1897.

²⁸ Munisipaliteit Olifantshoek, Lêer 0/1 : Stoere ou nedersetter ..., pp. 2-4.

²⁹ KAB, DD 1/280 : Verslag van Dalgety oor eerste aanval op Gamasep — Sekretaris van Verdediging, April 1897; NA 781 Schedules : J.P. McCarthy, Kuruman — S.H. Roberts, Queensown, 16.5.1897.

³⁰ G.3:98 CAPE OF GOOD HOPE. *Bechuanaland Rebellion 1897. Reports from Lieut.-Colonel E.H. Dalgety, C.M.R., officer commanding the Bechuanaland Field Force* (Kaapstad, 1898), pp.17-20; H. ROSE-MACKENZIE, The Langberg campaign, *The Cape illustrated magazine* 10(3), 1899, pp.537-540.

nie sowel as oorsee gemaak, veral omdat die veldtog al vyf maande geduur en die staatskas sowat £1 000 per dag gekos het. Onder sulke druk het die regering ingestem om die taakmag te vergroot. Die versterkings — 1 617 man — het aan die einde van Junie op die front aangekom en voortaan het Dalgety beskik oor 'n taakmag van 2 326 man, teenoor die rebelle se geskatte 1 500 krygers.³¹

Op 31 Mei 1897 het die Tswana 'n pitsso gehou waar blykbaar op oorgawe besluit is. Luka Jantjie het daarna per brief laat weet dat hy nie oorlog begeer het nie, maar dat die regering dit op hulle afdwing het. Hy was veral bitter oor die feit dat die kanonne so baie vroue en kinders gedood het. Die regering was egter vasbeslote om alle weerstand te vernietig en die Tswana hulle grondgebied te ontnem. 'n Brief gedateer 28 Julie van Luka se neef, die Tlhapinghoofman Tokwe, aan die sendeling J. Tom Brown op Kuruman waarin hy Brown vra om as bemiddelaar op te tree, het ook nie gehelp nie want op dieselfde dag het 1 681 man by Gamasepkoppie vir die finale aanslag versamel. Afdelings is op strategiese plekke soos Kathu en Korannaberg geplaas om die rebelle se ontsnappingsroetes af te sny. Op 30 Julie 1897 is die rebellestellings by Gamaluse en Gamasep met vyf kolonnes aangeval. Die Tswana het betreklik min weerstand gebied en die meeste skanse is gou ingeneem. Net by een koppie is hewig geveg en het twee soldate en sowat 30 rebelle gesneuwel. Luka wat desperaat was as gevolg van sy hopelose posisie, het kort daarna met vyf volgelinge uit hulle skanse gespring en op 'n afstand van sowat twaalf meter op die troepemag begin vuur; hy is onmiddellik doodgeskiet. Sy kop is later afgesny en in 'n pot gekook om die vleis af te kry nadat 'n offisier van die Cape Town Highlanders £5 aangebied het om die skedel as aandenking terug Kaapstad toe te neem. Dié voorval het groot opslae gemaak en gelei tot 'n kommissie van ondersoek.³²

Op 31 Julie 1897 is teen Tokwe opgetrek in die kloof aangrensend aan Gamasep maar voordat die aanval kon begin, het hy en die Tlhaping oorgegee. Daarna het Dalgety hom voorberei om Pudahush aan te val. Toto, sy seun Robanyane en die Tlharo het egter op 2 Augustus die wapen neergelê. Daarmee was die militêre stryd verby, hoewel Galeshiwe ontvlug het en eers aan die einde van Augustus in die Kalahari gevang is. Die opruimingsoperasies het tot 7 Augustus geduur en die dag daarop het Dalgety die bevel oor die gebied aan die polisie oorhandig en die taakmag het na Kuruman teruggekeer. Van die 5 720 Tlharo en Tlhaping wat nog in 1896 in die Langeberg-reservaat woonagtig was, het 3 793 oorgegee; hulle is eers na Kuruman en later na Vryburg geneem. Om hulle te straf, het die owerheid hul woongebied gekonfiskeer en hulle vir vyf jaar as arbeiders by boere in die Westelike Provinsie ingeboek. Omdat dié met liggaamsgebreke, siekes en bejaardes hierdie straf vrygespring het en baie intussen dood is of 'n heenkome by familie gevind het, is net 1 896 uiteindelik na Kaapstad gestuur. Die leiers van die opstand het in Kimberley op aanklag van sedisie tereg-



Ten grofgeskut soos hierdie sewepponder was die Tswana uiteindelik nie bestand nie.

FOTO: CAPE ILLUSTRATED MAGAZINE 10(4), 1899

gestaan. Toto wat gevonniss is tot ses jaar hardepad is met die eeuwending in ballingskap in die Breekwatergevangenis in Kaapstad oorlede. So het die Tswana se besetting van die Langeberg na meer as 'n eeu tot 'n einde gekom.³³



Toto saam met troepe van die Bechuanaland Field Force na sy oorgawe op 2 Augustus 1897.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAAKPLEK (J 10,853)

KONFIKASIE VAN TSWANAGROND EN VESTIGING VAN BLANKE BOERE

Vandag is die Langeberg-rebellie 'n vergete gebeurtenis. Tog het dit die Kaapse regering £430 259 en 28 soldatelewens gekos.³⁴ Vir Olifantshoek was dit egter van loutsbepalende betekenis omdat dit die weg gebaan het vir Blanke vestiging en die uiteindelijke aanlê van die dorp. Die regering, by monde van die premier sir Gordon Sprigg, het dit kort na

³¹ KAB, DD 1/280 : Dalgety se eerste verslag oor die toestand aan Sekretaris van Verdediging, 2.5.1897, Verslag oor aanval op Pudahush aan Sekretaris van Verdediging, 11.5.1897, en Dalgety se tweede verslag oor die toestand aan Sekretaris van Verdediging, 11.5.1897; NA 781 : J.P. McCarthy, Kuruman — S.H. Roberts, Queenstown, 16.5.1897; *The Cape Times*, 28.4.1897, 14.5.1897 en 5.7.1897.

³² KAB, DD 1/280 : Dalgety se verslag oor finale operasies in die Langeberg aan Sekretaris van Verdediging, 6.8.1897, Dalgety se finale algemene verslag aan Sekretaris van Verdediging, 13.10.1897, en Luka Jantjie — Regering, 1.6.1897; 1/VBG 20/16 : Verklaring van D. McFarlane, Vryburg, 9.9.1897; NA 453 Besoek van Superintendent van Naturellesake aan Betsjoeanaland, Briewe ontvang : Tokwe, Gamasep — J.T. Brown, Kuruman, 28.7.1897; H.A. CHILVERS, *The yellow man looks on* (Londen, 1933), pp. 131-134.

³³ C.8797-1898 *Cape of Good Hope. Correspondence relating to Native disturbances in Bechuanaland* (Londen, 1898), p.47; G.4:98 CAPE OF GOOD HOPE, *Bechuanaland Rebellion, 1897. Reports from Mr. W.E.M. Stanford, C.M.G., Superintendent of Native Affairs, and Mr. J. Rose Innes, C.M.G., Special Commissioner for Native Labour in Western Districts, regarding the disposal of surrendered Bechuana after their arrival at Kuruman* (Kaapstad, 1898), pp.2-3 en 8-10; *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 3.8.1897.

³⁴ G.71:98 CAPE OF GOOD HOPE, *Explanatory schedule to "The Additional Appropriation 1897-98 Act, 1898"* (Kaapstad, 1898), pp.2 en 13; *The Cape Times*, 5.8.1897.

die uitbreek van die rebellie duidelik gestel dat die Tswana nie weer toegelaat sou word om na die Langeberg terug te keer en so 'n sterk bergvesting in te neem nie. In stede daarvan moes dit kroongrond word om aan Blanke boere as plase uitgegee te word. Dit het gevolg op 'n ondersoek in Maart 1897 insake moontlike Blanke vestiging deur die hoofinspekteur van reservate, S.H. Roberts, wat die Langeberg as een van die gunstigste boerderygebiede in Betsjoeanaland beskryf het.³⁵

Die uiteinde was die aanvaarding van The Bechuanaland Native Reserves Act (Wet 17 van 1897) wat voorsiening gemaak het vir die konfiskering van die grond van rebelse Nie-Blankes. Toestemming vir die vervreemding van die Tswana-grond is maklik van die Britse Minister van Kolonies verkry. Kragtens proklamasie 419 van 30 September 1897 is onder meer die volgende reservate onder dié wet tot kroongrond verklaar: Deben (5 115 hektaar), Kathu (19 537 hektaar) en daardie deel van die Langeberg-reservaat wat deur Toto en Luka bewoon is (178 406 hektaar) met die uitsondering van Olifantshoek en Gappiepin (saam 11 140 hektaar). Laasgenoemde twee plekke is deur die lojale hoofmanne Khibi en Magakwe bewoon. Die Tswana het dus deur die Langeberg-rebellie sowat 'n vyfde van hulle grond in die hele Betsjoeanaland verloor. 'n Kommissie (die Bechuanaland Native Reserves Commission) bestaande uit drie lede het in Oktober 1897 die gebied besoek en aanbeveel dat Deben in twee plase, Kathu in sewe en die Langeberg-reservaat in 72 plase uitgemeet word. Hieraan is voldoen toe landmeter J.C. Wessels, bygestaan deur D. Roos, die gebied in November 1897 opgemeet het. Wessels, wat die Langeberg-veldtog as vrywilligeroffisier meegemaak en die gebied goed geken het, het byna al die plase vernoem na persone wat aan die oorlog deelgeneem het. Hoewel Olifantshoek en Gappiepin aanvanklik as reservate behou is, is Khibi en die volgelinge van Magakwe (wat intussen oorlede is) oorreed om grond by Gamopedi, wes van Kuruman, te aanvaar. Ook die twintig Xhosa- en elf Basterfamilies het elders grond gekry sodat Blanke vestiging gevolglik in die hele Langeberg-reservaat kon plaasvind. Die Olifantshoek-reservaat van ongeveer 6 680 hektaar is nie as 'n plaas uitgegee nie — 'n afdeling van die Kaapse Polisie is daar gestasioneer.³⁶

Van 1898 af is die 72 plase in die ou Langeberg-reservaat vir bewoning beskikbaar gestel. Aansoekers moes ouer as 21 jaar wees, die grond binne ses maande beset en nie in besit van ander grond wees nie. By betaling van 'n twintigste van die koopsom as deposito is 'n *gratiasensie* vir vyf jaar uitgereik. 'n Paaiement van 'n twintigste van die vasgestelde prys was jaarliks betaalbaar en na vyf jaar is die grond op erfpagbasis met betaling van vyftien jaarlikse paaiemente toegeken. Sou 'n boer na twee jaar verbeterings gelykstaande aan die waarde van die grond aanbring, kon kaart en transport uitgereik word. Die pryse van die plase het gewissel van £125 (Matesang) tot £315 (Dichaking). Die meeste boere het in die jare 1904-06 oordrag van hul grond gekry. Na 1898 het die plase in die ou reservaat geleidelik bewoon geraak — aanvanklik deur heelwat Engelstaliges maar gou ook deur Hollandssprekende boere afkomstig uit Griekwaland-Wes, die Vrystaat en Kaapkolonie. Die boere in die suidweste, wat van 1892 af daar gewoon het, het in 1899 eiendomsreg op hulle plase gekry. Bekende families wat in die jare 1898-1900 ingetrek het, was die Krugers (Venn), Jacobse (Tomkins), Claassens en Le Roux's (Lynputs en Aarkop), Snymans (King), Stenekamps (Johnson), Venters (Fletcher) en Slabberts. Voor die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), wat vestiging in die gebied tot stilstand gebring het, was Olifantshoek slegs as 'n polisiepos van belang. Die handelaar Cecil Spyron het Olifantshoek met die uitbreek van die Langeberg-rebellie

in 1897 verlaat, terwyl die polisiepos kort na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 ontruim is omdat die oorgrote meerderheid van die Langeberg-boere gerebelleer en hulle aan die kant van die Boererepublieke geskaar het.³⁷

Kort na die oorlog in Junie 1902 het Olifantshoek weer 'n permanente "inwoner" gekry toe die handelstandplaas agter die berg aan Edward Finnis toegeken is. Na net meer as 'n jaar, in Oktober 1903, het Michael Colley die winkel oorgeneem. In dieselfde jaar was daar 'n groot migrasie van



Langebergboere tydens 'n kerkgeleentheid by die winkel van Michael Colley.

FOTO: NED. GEREK. KERK, OLIFANTSHOEK

trekboere uit die Noord-Karoo na die Langeberg waar volop weiveld maar min water beskikbaar was. Daar was nog baie onbewoonde plase sodat dié wat nie teruggetrek het nie hulle metterwoon gevestig het. Die bevolkingstoename het polisie-teenwoordigheid genoodsaak en met die terugkeer van die polisie in 1904 is die polisiepos agter die berg na die terrein van die latere dorp verskuif, 'n entjie suid van waar dit vandag nog geleë is. Volgens die 1904-sensus was die veldkornetskaps (wyk) Langeberg met 2 110 mense, waarvan 882 Blankes, die digsbewoonde gebied in die distrik Kuruman.³⁸


Die regering was in 1904-06 genoodsaak om 'n aantal plase in die suidweste beskikbaar te stel, te wete van Mamutlun en Lucknow af oor Lohattha en Gloucester tot teen die ou Griekwaland-Wes-grens by Mount Huxley. Dieselfde het gegeld vir die plase aan die noordekant van die ou Langeberg-reservaat tussen Shrewsbury en Halliford. In 1906 het die eerste twee steengeboue op Olifantshoek verrys,

³⁵ *Cape Hansard* 1897 (Kaapstad, 1897), pp.220 en 358-359; KAB, NA 345; S.H. Roberts, Vryburg — J. Rose Innes, Kaapstad, 9.3.1897.

³⁶ G.57:98 CAPE OF GOOD HOPE. *Reports of the commissioners appointed to make arrangements for the disposal and settlement of certain land declared to crown land under the provisions of Act No. 17 of 1897 ...* (Kaapstad, 1898), pp.1, 4 en 12-17; *Cape of Good Hope Government Gazette*, 21.5.1897, p.1121; KAB, NA 453 telegram: Stanford, Kuruman — Natives, Kaapstad, 17.8.1897; NA 242: Maandverslag van J.P. McCarthy aan Superintendent van Naturellesake, 1.12.1897.

³⁷ *The Agricultural Journal*, 27.10.1898, p.558, en 6.7.1899, pp.62-64; *Cape of Good Hope Government Gazette*, 12.12.1902, p.2054; Aktekantoor, Vryburg: Kuruman-plaasregisters; Mededelings deur mev. Jaatjie Kotze, Ellen Roelofse, Martie Boshoff en Carolina van der Merwe, en mnr. H.J.J. Kruger, Olifantshoek, 19-25.4.1985.

³⁸ KAB, 1/KMN 15/6 Dokumente betreffende grond: Huurpageregister; G.19-1905 CAPE OF GOOD HOPE. *Census of the Colony of the Cape of Good Hope 1904* (Kaapstad, 1905), p.60. D.S. CONRADIE (samesteller), *N.G. gemeente Olifantshoek, halfeeuftes 1916-1966* (Olifantshoek, 1966), p.16; *The Agricultural Journal*, 1.7.1903, pp.8-9.



Die magistraatskantoor-tjie en markeetent (regs), omstreeks 1912.

FOTO: NED. GEREK. KERK, OLIFANTSHOEK

naamlik 'n polisiees en magistraatskantoor-tjie op die terrein van die teenswoordige Departement Waterwese. Verder is 'n groot markeetent langs die kantoor-tjie opgeslaan om as hofsaal te dien.³⁹

Met die knellende droogte in die Vrystaat en Kaapland suid van die Oranjerivier gedurende 1907-08 het nog meer boere na die Gamagaravallei en Langeberg getrek waar toestande nie so haglik was nie ten spyte daarvan dat die berugte gallamsiekte toe al daar verwoesting onder beestroppe gesaai het. Van die bekendste families wat tussen 1902 en 1910 ingetrek het, was die Van Zyls (Dichaking), Lombaards (Waaihoek, Lombaardsvlakte en Vroeggedeel), Rossouws en Pieterse (Top-Dog) en Staffords (Lupanie). In 1909 het sersant Hubert Warren van die Kaapse Polisie die eerste woonhuis op Olifantshoek gebou op 'n stukkie grond wat die regering aan hom verhuur het. Met Warren se vertrek in 1913 het die huurreg egter verval.⁴⁰

DORPSTIGTING

Afgesien van die polisiebedrywighede het lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van tyd tot tyd kerkdienste in die markeetent op Olifantshoek gehou. Daar was toe al 'n dringende behoefte aan 'n dienssentrum vir die afgeleë en uitgestrekte Langeberggebied veral om opvoedkundige, godsdienstige en handelsredes. Al skooltjie in die omgewing was die een op die plaas Rietkloof (sowat tien kilometer noordwes van Olifantshoek). Olifantshoek het ook nog onder die gemeente van Deben geressorteer, terwyl slegs die winkeltjie van Michael Colley bestaan het. Sonder 'n eie sentrale plek was die kanse maar skraal dat hierdie fasiliteite uitgebrei sou word. Daarteenoor sou 'n eie dorp die hele gemeenskapslewe stimuleer. Na aanleiding daarvan het Simon Bijlsma, 'n Hollandse onderwyser van Postmasburg, aan die einde van 1909 in 'n petisie aan die regering vir die aanlê van 'n dorp gevra. Veral die minister van Landbou, F.S. Malan, was ten gunste daarvan dat 'n dorp so gou as moontlik vir die boerebevolking gestig moes word. Alvorens aan dié versoek voldoen kon word, moes die regering eers seker maak dat so 'n onderneming lewensvatbaar sou wees. Die grootste probleem was genoegsame water, maar die Geologiese Kommissie van die Kaapkolonie was oortuig dat daar in die vallei van die Olifantsloop voldoende water gevind sou word. 'n Geoloog, dr. A.W. Rogers, het 'n paar jaar vroeër (in 1906) die gebied geologies ondersoek. Ene E.N.

Thorton wat Olifantshoek in 1908 besoek het, het by die landmeter-generaal aanbeveel dat die voorgestelde erwe tussen die polisie-stasie en die berg uitgelê word. Dit is aanvaar.⁴¹

Uiteindelik is 'n boorvoorman, G. Graham, in Mei 1910 na Olifantshoek gestuur om die terrein van die voorgestelde dorp saam met Thomas Lanham (veldkornet), sersant Warren van die polisie en K.R. Stewart (siviele kommissaris van Kuruman) te ondersoek. Graham het op twee plekke — een tussen die magistraatskantoor-tjie en die polisie-stasie — water aangewys. Tot in daardie stadium het die polisie goeie water uit 'n put sowat sewe meter diep in die Olifantsloop gehaal. Graham het die owerheid tevrede gestel dat daar genoeg water vir 'n dorp sou wees. Daarna het 'n regeringsboormasjien met boorman Potgieter in beheer sterk water op ongeveer 52 meter oopgeboor. Dit is deur ene Ireland van die Departement Waterwese getoets en voldoende bevind, waarna 'n dam en windpomp opgerig is.⁴²

Vervolgens is landmeter D.M. McBean in September 1911 in opdrag van die regering na Olifantshoek om die erwe vir die voorgestelde dorp uit te meet. Hy het 104 erwe aan weerskante van Kurumanweg (tans Van Riebeeckstraat), asook twee morg (1,71 hektaar) vir skooldoeleindes en 'n begraaftplaas van een morg (0,86 hektaar) uitgemeet en die volgende straatname toegeken: Hartley, Dalgety, Lukin, Cox, Fuller, Spence, Warren, Court en Slant. Eersgenoemde ses is vernoem na offisiere wat die veldtog in 1897 meegemaak het; Warrenstraat na sersant Hubert Warren; Courtstraat

³⁹ Cape of Good Hope Government Gazette, 27.6.1905, pp.2553-2554; G.61-1906 CAPE OF GOOD HOPE, Explanatory schedule to "The Additional Appropriation 1905-1906 Act, 1906" (Kaapstad, 1906), p.33; G.24-1907 CAPE OF GOOD HOPE. MINISTERIAL DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS, Report of the chief engineer for public works for the calendar year 1906 (Kaapstad, 1907), p.8.

⁴⁰ KAB, 1/KMN 15/6: Huurpageregister; C.J. FOUCHE, Die ruimtelike verbreiding van die bevolking in die mynboudistrikte Kuruman en Postmasburg (M.A., UOVS, 1978), pp.72-73; J.J.D. VAN ZYL, 'n Halfeeu van Gods genade: Deben 1909-1959 (Bloemfontein, 1959), p.13; Mededelings deur mnr. Sarel Rossouw en Drikkie Lombaard, Olifantshoek, 23-25.4.1985.

⁴¹ KAB, Argief van die Departement van Openbare Werke van die Kaapkolonie (PWD) 2/2/8, lêer B15: Landmeter-generaal — Sekretaris van Openbare Werke, 29.1.1910 en 12.4.1910, A.L. du Toit, Geologiese Kommissie — Sekretaris van Openbare Werke, 16.2.1910, en Sekretaris van Openbare Werke — Landmeter-generaal, 24.3.1910.

⁴² Ibid.: Sekretaris van Openbare Werke — Landmeter-generaal, 22.4.1910, Landmeter-generaal — Sekretaris van Openbare Werke, 26.4.1910, en G.Graham, Kuruman — Sekretaris van Openbare Werke, 23.5.1910; CONRADIE (samesteller), op.cit., pp.17-18.

omdat die hof tent in dié straat geleë was, en Slantstraat vir die kort, skuins straatjie teen die sloot se helling. 'n Tipiese Suid-Afrikaanse dorpsuitleg is gevolg met onder meer 'n markplein tussen Fuller- en Warrenstraat. Die erwe het op 19 September 1912 onder die hamer gekom teen 'n gemiddelde prys van £15 stuk. Eiendomsreg vir die eerste 28 erwe is op 4 April 1913 toegeken en tot aan die einde van 1916 is altesaam 64 erwe verkoop. Nic van Druuten wat in 1911 handelsregte op Olifantshoek gekry het, was met vyftien erwe die grootste grondbesitter, gevolg deur die Lanhambroers met ses erwe.⁴³

Intussen het Michael Colley sy winkel wat agter die berg geleë was na erwe 22 en 31 in Kurumanweg verskuif en in 'n tydelike sinkgebou gehuisves. In 1913 het Nic van Druuten 'n hotel geopen. Die eerste aansoek om stene vir 'n woonhuis te maak, is in Augustus 1913 deur Jan Naudé gedoen. Teen die einde van 1914 het hy, "Swart" Jan en "Vaal" Jan Peens, Herman Fouché, Piet Oberholzer, G.J. Claase, Isak Aucamp, Piet van Zyl en Abraham Spengler waarskynlik reeds huise in die te stigte dorp besit. Geen plaaslike bestuursliggaam het nog bestaan nie en die toestemming van die magistraat op Kuruman moes eers verkry word vir onder meer steenmakery en die verwydering van klippe, grond en hout. Die magistraat is op Olifantshoek verteenwoordig deur die bode van die hof (*issuer of process*), skutter P. Braillewaile van die polisie. Hy het in April 1914 opdrag ontvang om 'n terrein as steenmakery af te baken omdat die inwoners oral op die meent gevaarlike gate gegrawe het. Boorgatwater kon nie vir steenmakery aangewend word nie sodat die mense self putte vir dié doel moes grawe. Verder is besonder hoë tariewe deur die staat gehef vir materiaal op die dorpsgrond — onder meer tien sjielings vir 'n wavrag brandhout, ses pennies per paal en een sjieling vir elke 1 000 stene wat gemaak is. Boonop kon die dorpsmeent nie vir weiding gebruik word nie, omdat dit steeds kroongrond was. Om dié rede het die erfeienaars in Junie 1913 aansoek gedoen dat 'n dorpsbestuursraad ingestel en die meent aan dié liggaam toegeken word.⁴⁴ As gevolg van die 1914-Rebellie sou dit egter nog vier jaar duur voordat daaraan uitvoering gegee is.

Onderhandelings oor die stigting van 'n dorpsbestuursgebied op Olifantshoek is sedert 1916 voortgesit. 'n Ander rede (afgesien van die Rebelle) waarom so lank daarmee gesloer is, was moontlik die feit dat die regering eers sekerheid wou hê dat daar wel 'n dorp in wording was. Teen 1914 kon Olifantshoek trouens nouliks as 'n dorp gereken word. Daar was slegs die polisie-stasie, magistratskantoor, 'n posagentskap, twee winkels, 'n hotel, 'n eenmanskooltjie in 'n buitegebou van die hotel en skaars tien huise. Verder het enkele gesinne in tente en ander tydelike strukture gewoon. Van 1914 af het die regering begin om die kroongrond wes van die Langeberg op te meet en as plase beskikbaar te stel. Groot families was destyds aan die orde van die dag en die boere (ook in Griekwaland-Wes) moes vir grond vir hulle seuns voorsiening maak. Die enigste uitweg was dus om na die nuwe plase wes van Olifantshoek te trek. So het die Steyns hulle in 1914 op die plaas Vervanhier gevestig.⁴⁵ Gevolglik was daar sedert 1915 'n toename in die bevolking van Olifantshoek. In dié jaar het Charlie Williams, Hendrik Kruger (skoolhoof), George Peacock, Jacobus Uys, F.J. Bruyns en A.J. Coetzee permanente steenuise opgerig en is 'n Ned. Geref. kerkgebou ook in gebruik geneem. Gedurende 1916 is 'n eie gemeente afgestig en 'n skoolgebou opgerig.⁴⁶

Olifantshoek het van 1916 af 'n dorpskarakter begin openbaar en die inwoners het opnuut aansoek gedoen dat die dorpsgrond onder beheer van 'n dorpsbestuursraad geplaas word. Nadat die provinsiale administrasie oortuig was dat genoeg grond vir staatsdoeleindes opsy gesit is, het die ad-



Van Riebeeckstraat, Olifantshoek, 1985.

FOTO: P.H.R. SNYMAN

ministrateur in oorleg met die uitvoerende komitee goedgekeur dat die Wet op Dorpsbesture (nr. 29 van 1881) op Olifantshoek van toepassing gemaak word. Ingevolge proklamasie 26 van 21 Februarie 1917 is die dorpsbestuursgebied van Olifantshoek amptelik gestig met dieselfde grense as dié van die ou Olifantshoek-reservaat.⁴⁷ Die magistraat van Kuruman het vervolgens 'n kieserslys opgestel en 'n verkiesing vir 'n dorpsbestuursraad vir 10 Mei 1917 uitgeskryf. Hendrik Kruger (voorsitter), Piet van Zyl en Stephen Logie (sekretaris) het in die eerste raad gedien. Vroeër is die naam *Oliphants Hoek* ook algemeen gebruik onder die invloed van die Engelse vorm *elephant*. Eers in 1947 is op voorstel van H.J. Fouché en B.J. de Klerk op 'n dorpsbestuursraadsvergadering besluit om net die benaming *Olifantshoek* te handhaaf. Dit het gevolg op 'n brief van die handelaar Alfred James oor dié saak aan die raad.⁴⁸

BESLUIT

Olifantshoek het dus tot stand gekom in 'n gebied wat voorheen deur die Tswana bewoon is. Soos op baie ander plekke in Suid-Afrika moes die inheemse bevolking egter voor Blanke kolonisasie swig. Weerstand daarteen het tot gewapende konflik en die uiteindelijke onteiening van die Tswana se grond gelei. As dienssentrum vir die boerderygemeenskap het Olifantshoek sedert 1917 aansienlik gegroei en oor 'n tydperk van 70 jaar 'n infrastruktuur opgebou wat in die meeste van die dorpenaars en boere se behoeftes voorsien. As gevolg van sy strategiese ligging aan die rand van die Kalahari sal dié dienste moeilik deur 'n ander dorp vervang kan word. ©

⁴³ Kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad: Algemene plan nr. 5552 Olifantshoek; KAB, 1/KMN 13/2, Lêer 7/1913 Kroongrond, Olifantshoek: Lanham-broers, Mount Temple — Siviele Kommissaris, Kuruman, 22.9.1913; 1/KMN 15/6: Huurpageregister.

⁴⁴ KAB, 1/KMN 13/2, Lêer 7/1913: Toestemming vir breek van klippe, houtkap, sink van putte en steenmakery; Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria (SAB), Argief van die Sekretaris van Myne en Industrieë (MNW) 186, Lêer MM2172/13 Township at Oliphants Hoek: Sekretaris van Lande — Sekretaris van Myne en Industrieë, 24.6.1913; CONRADIE (samesteller), *op.cit.*, p.19.

⁴⁵ D.J.S. STEYN (samesteller), *Steyn familie-album* (Babelegi, 1982), pp.15-19; *The general directory of united South Africa for 1915* (Kaapstad, 1915), p.488.

⁴⁶ KAB, 1/KMN 13/2, Lêer 7/1913: Toestemming vir steenmakery, 1915; *The Agricultural Journal of South Africa*, Januarie 1915, pp.21-22; CONRADIE (samesteller), *op.cit.*, pp.27 en 54.

⁴⁷ KAB, Argief van die Provinsiale Administrasie, Afdeling Onderwys (PAE) 127, Lêer 2204 Olifantshoek, voorgestelde instelling van 'n dorpsbestuursraad: Hoofinspekteur van Plaaslike Bestuur — Superintendent-generaal van Onderwys, 2.11.1916; SAB, MNW 186, Lêer MM2172/13: Sekretaris van Lande — Sekretaris van Myne en Industrieë, 23.2.1917; PROVINSIE DE KAAP DE GOEDE HOOP, *Officiële Koerant*, 2.3.1917, p.1.

⁴⁸ KAB, Argief van die Dorpsbestuursraad van Olifantshoek (3/OHK) 1 Notuleboek: Notule van vergadering, 14.5.1917; Munisipaliteit Olifantshoek, Dorpsbestuursraadsnotuleboek: Notule van vergadering, 14.11.1947.